HOËRSKOOL BERGVLIET
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11 VRAESTEL 1: LEESBEGRIP EN TAAL TYD: 2 ½ UUR
NOVEMBER 2023 PUNTE: 80
EKSAMINATRISE: F MEYER MODERATOR: VAKSPAN

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: KYK EN LEESBEGRIP	**(30)**
AFDELING B: OPSOMMING	**(10)**
AFDELING C: TAAL	**(40)**

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Laat ŉ reël oop na ELKE antwoord.

5. Trek ‘n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS A: ARTIKEL

SUKSES? JY HET NIE IK NODIG NIE, JY MOET NET VASBYT.

1. Sukses het niks met intelligensie te make nie en ook nie met gesondheid nie.

2. Dr. Angela Duckworth is ‘n sielkundige navorser aan die Universiteit van Pennsilvanië wat die “sielkunde van sukses” bestudeer. Volgens haar, is daar net een belangrike ding wat ‘n mens nodig het: “grit”. In Afrikaans kan ons dit deursettingsvermoë, vasbyt, deurdruk of sommer net op jou tande byt, noem.

3. Voor sy ‘n sielkundige geword het, was Angela ‘n Wiskundeonderwyser. Dis waar sy begin belangstel het in dit wat ‘n kind op skool suksesvol maak.

4. Sy wou weet wat dit is wat sommige mense vorentoe in die lewe druk. Sy het na mense in verskillende situasies gaan kyk.

5. Sy het verkoopsmense en onderwysers wat in gevaarlike buurte woon, bestudeer om te kyk wie aanhou, wie opgee en wie die beste doen.

6. “In al die verskillende omgewings was daar een karaktereienskap wat uitgestaan het. Dit was nie intelligensie, ‘n mooi voorkoms of gesondheid nie: dit was vasbyt,” sê Angela.

7. Maar wat beteken dit om vas te byt?

8. Vasbyt beteken ‘n passie met baie langtermyn-doelstellings. Dit is om dag ná dag hard te werk: nie net vir ‘n week of vir ‘n maand nie, maar jare aaneen.

9. Angela het ook na die skole gegaan en gekyk of dit dieselfde vir skoolkinders is. Hiervoor het sy ‘n “vasbyt-vraelys” opgestel wat sy gebruik het om te bepaal of kinders deursettingsvermoë het of nie. Sy het gevind dat nie eens ‘n lae huishoudelike inkomste ‘n kind wat vasbyt, kon onderkry nie.

10. Kinders wat ‘n hoë vasbyt-uitslag gehad het, was meer geneig om skool klaar te maak – selfs toe sy hulle aan ander faktore gemeet het, insluitend huishoudelike inkomste of hoe veilig hulle by die skool gevoel het.

11. Nog interessanter was haar bevinding oor talent: “Talent laat jou nie vasbyt nie. Daar is baie talentvolle mense wat nie by hul doelstellings hou nie.”

12. "Elke dag vra onderwysers my: hoe motiveer ek my kinders om vas te byt en deur te druk? Die eerlike antwoord is, ek weet nie," sê Angela. "Wanneer kinders van die brein leer en hoe dit verander en groei wanneer jy dit aan uitdagings blootstel, sal hulle aanhou probeer nadat hulle foute gemaak het, want hulle besef dat die foute nie permanent is nie."

13. Almal, jonk en oud, moet maniere kry hoe om hulle vasbytvermoëns te kan verbeter.

(Verwerk en aangepas uit: Sukses? Jy het nie IK nodig nie, jy moet net vasbyt - Huisgenoot)

1.1 Watter werk doen Dr. Angela Duckworth nou? (1)

1.2 Watter werk het sy voorheen gedoen? (1)

1.3 Noem die **EEN** karaktereienskap wat in haar studies oor sukses uitgestaan het. (1)

1.4 Kies die antwoord wat NIE korrek is NIE.

Skryf net die vraagnommer en die letter neer, bv. 1.4 E

Vasbyt beteken dieselfde as…

A aanhou

B volhard

C deurbyt

D deurdruk (1)

1.5 Beskryf in jou eie woorde wat deursettingsvermoë beteken. (1)

1.6 Waarom, volgens jou, is dit belangrik om deursettingsvermoë te hê? (1)

1.7 Volgens Dr. Duckworth is *geen fout permanent nie*.

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Haal 'n sinsdeel (in paragraaf 12) aan wat bewys dat die volgende stelling **WAAR** is.

Kinders is meer susksesvol wanneer hulle van die brein leer. (1)

1.9 Hoekom, dink jy, kan talent alleen jou nie suksesvol maak nie?

Noem **TWEE** moontlike redes. (2)

1.10 Verwys na paragraaf 9. Verduidelik wat jy verstaan met "lae huishoudelike inkomste"? (1)

1.11 *Lae huishoudelike inkomste kan nie 'n kind met deursettingsvermoë onderkry nie*.

Is die stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (1)

1.12 Wat kan jy aflei van Dr. Angela Duckworth se studie op volwassenes en skoolkinders? (1)

1.13 Gee 'n ander woord vir **IK** vanuit die artikel. (1)

1.14 Dr. Angela Duckworth is 'n navorser wat in Suid-Afrika studeer.

Motiveer waaroom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.15 Noem die TWEE beroepe van die mense wat dr. Duckworth vir haar navorsing gebruik het. (2)

1.16 Wat, dink jy, is TWEE van die uitdagings waaraan kinders blootgestel kan word? (2)

1.17 Stem jy saam met dr. Duckworth se uitslae? Motiveer jou antwoord. (1)

1. 18 Wat, dink jy, beteken dit wanneer iets jou nie kan onderkry nie? (1)

1.19 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

"Langtermyn-doelstellings" beteken dit is (vir nou/vir later/die toekoms) (1)


1.20 Noem TWEE maniere hoe jy jou vasbyt-vermoëns kan verbeter. (2)

1.21 Wat beteken dit vir jou om suksesvol te wees? (1)

[25]

TEKS B: VISUELE TEKS

Bestudeer die visuele teks hieronder en beantwoord die vrae.



1.22 Verduidelik wat bedoel word met ‘universiteite word oorval met aansoeke.’ (1)

1.23 Watter provinsie in Suid-Afrika het die meeste universiteite? (1)

1.24 Waarom, dink jy, doen studente vir meer as een kursus aansoek? (1)

1.25 Noem die universiteit wat die meeste plek vir eerstejaarstudente het. (1)

1.26 Waarom is dit makliker om die inhoud hierbo te lees, as in ‘n teks wat geskryf is? (1)

[5]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

In die artikel word wenke vir leerders vir die eksamen gegee. Lees die artikel deur en voer dan die instruksies hieronder uit.

INSTRUKSIES

1. Som die **WENKE** vir leerders vir die eksamen in **SEWE volsinne** op.
2. Skryf die wenke PUNTGEWYS neer.
3. Nommer die WENKE 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van jou opsomming aan.

TEKS C: WENKE VIR LEERDERS VIR DIE EKSAMEN

1. Die woord “eksamentyd” laat leerders oor die hele land hulle harte vashou. Moenie bekommerd oor jou voorbereiding raak nie, hier is ‘n paar wenke wat jou sal help.

2. ‘n Studierooster is die belangrikste item vir jou voorbereiding. Stel ‘n studierooster op wat vir jou genoeg tyd gee om notas te maak en deur eksamenvraestelle te werk. Dis ook belangrik dat jy vir jouself rustyd gee.

3. Dissiplineer jouself teenoor webtuistes, soos YouTube of Facebook. Maak seker dat jy nie meer as ‘n halfuur per dag op die internet spandeer nie. Dis maklik wanneer jy aanlyn is, om heeltemal van jou eksamen te vergeet.

4. Baie koerante publiseer hierdie tyd van die jaar materiaal wat nuttig vir die eksamen is. Kyk in die koerante vir studiegidse en vorige eksamenvraestelle.

5. Jou brein en liggaam het voeding nodig wanneer jy studeer. Eet baie vars vrugte en groente.

6. Probeer om elke dag ‘n bietjie oefening te kry – gaan stap of spring tou. As jy buite kan oefen, is dit nog beter.

7. Studeer in ‘n gerieflike omgewing wat nie te warm of bedompig is nie. Hou die venster oop vir vars lug.

8. Water sal jou help kalmeer en jou gehidreerd hou. Drink genoeg water voor die eksamen.

(Verwerk en bygewerk uit: Huisgenoot)

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: SPOTPRENT

Lees die volgende spotprent en beantwoord die taalvrae wat volg.

TEKS D

RAAMPIE 1 **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**



(Verwerk uit: meester.yolasite.com)

3.1 Verwys na RAAMPIE 1.

3.1.1 Hoe kan ons aan Meneer se woorde sien dat hy op Neelsie skree?

Noem TWEE feite. (2)

3.1.2 Hoe kan ons aan Meneer se lyftaal sien dat hy kwaad is?

Noem EEN feit. (1)

3.2 Verwys na RAAMPIE 2.

3.2.1 Meneer raas met Neelsie.

Verduidelik hoekom die stelling WAAR is deur na Meneer se gesigsuitdrukking te kyk. Noem TWEE feite. (2)

3.2.2 Neelsie lyk verveeld.

Verduidelik waarom jy met hierdie stelling saamstem. (1)

3.3 Verwys na RAAMPIE 3.

3.3.1 Wat doen Neelsie verkeerd in die klas? (1)

3.3.2 Hoe weet ons dat hierdie spotprent in die klaskamer plaasvind?

Noem EEN feit. (1)

3.4 Verander die volgende sin na TOEKOMENDE TYD.

Meneer skel vir Neelsie uit. (1)

3.5 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Neelsie is ‘n baie (lui/lei/ly) seun. (1)

[10]

VRAAG 4: ADVERTENSIE

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.

TEKS E



4.1 *Kyk ook uit vir hope om te wen!*

Hoe word hierdie stelling in die advertensie beklemtoon? (1)

4.2 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Die webwerf is ‘n (veilige) omgewing. (1)

4.3 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Daar is baie opwindende dinge op hoezit.com. Dit is ‘n cool aanlyn-bestemming. (dus) (1)

4.4 Verander die volgende sin na ‘n VRAAGSIN.

Die webwerf is ‘n veilige omgewing vir jong tieners. (1)

4.5 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.
Tieners moet die Hoezit-webwerf besoek.

Begin so: Die Hoezit-webwerf…. (1)

4.6 Wie is die teikenmark van die advertensie? (1)

4.7 Gebruik die HOMONIEM van die vetgedrukte woord in 'n sin.
"…'n bron van interessante speel-, **leer**- en doendinge. (1)

4.8 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.
Dit is 'n (nuwe) vermaakkuns. (1)

4.9 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.
Die inligting is in vyf (afdelings) verdeel. (1)

4.10 Hoekom, dink jy, is 'n veilige omgewing op die internet belangrik? (1)

[10]

VRAAG 5: STROKIESPRENT EN PRENT

Lees die volgende strokiesprent en beantwoord die taalvrae wat volg.

TEKS F: STROKIESPRENT



5.1 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Van al die gesinslede, het die seun die (meeste) ambisie. (1)

5.2 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Ma hou ‘n klein (baba) in haar arms vas. (1)

5.3 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

Jannie se ma het die baba gevoed. (1)

5.4 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Die pa vra: “Jannie, het jy dan geen ambisie nie?” (1)

5.5 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Het Jannie al ooit ‘n A gekry? (1)

5.6 Voltooi die IDIOMATIESE UITDRUKKING deur die korrekte woord te kies. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

Jannie het ‘n antwoord vir alles; hy is nie op sy (tong/mond) geval nie. (1)

5.7 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Dit is duidelik dat Jannie se pa (kwaad) is. (1)

5.8 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Pa sit op sy stoel en skel. (1)

5.9 "Jannie doen nie **goed** op skool nie."

Gebruik die HOMONIEM van die onderstreepte woord in 'n sin waarin dit 'n ander betekenis het. (1)

5.10 Kyk mooi na die prent van die pa. Wat, dink jy, is **ironies** omtrent sy woorde? (1)

5.11 Gee die korrekte DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Die hond het 'n (geskok) uitdrukking op sy gesig. (1)

5.12 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Die seun (leun/leuen) agteroor. (1)

5.13 Skryf die volgende sin in die INFINITIEF.

Almal is omgekrap oor die rapport.

Begin so: Almal behoort…… (1)

5.14 Verbind die onderstaande twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die gesin is omgekrap. Die seun het gedruip. (omdat) (1)

TEKS G: PRENT



(Verkry deur: Sport360.com)

5.15 Kies die korrekte spelling tussen hakies.

Nie al die lede van die (Springbok span/Springbokspan) is op hierdie foto nie. (1)

5.16 Gee die AFKORTING van die woord tussen hakies.

Die span oefen elke (Saterdag). (1)

5.17 Vorm ‘n PERSOONSNAAM met die woord tussen hakies.

Die kaptein van die span is ‘n (Suid-Afrika) (1)

5.18 Vul die ontbrekende SOORTNAAM in die onderstaande sin om die sin te voltooi.

Die kaptein hou die ……. in die lug. (1)

5.19 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Die arme kaptein het min tyd vir homself. (1)

5.20 Skryf die volgende sin oor in die korrekte woordorde.

Die Springbokke (Saterdag) (teen All Blacks) (het) (gewen). (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL [80]